



# WOLBOER WOOL FARMER

*This e-newsletter is compiled from sources that are deemed reliable.  
However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.*



June 2016

NWKV Nuusbrief 40 / NWGA Newsletter 40

**BKB is die hoofborg van hierdie nuusbrief.**

Inform us about events in your area or if you want to receive the newsletter. Contact Karen Grobler at 082 774 7008 or send an email to [karen@agricconnect.co.za](mailto:karen@agricconnect.co.za) or Bonita Francis at [nwga@nwga.co.za](mailto:nwga@nwga.co.za) or call 041 365 5030.



Remember to visit our Facebook page.

The link is <https://www.facebook.com/pages/NWGA/679678912058277>

## >>> Inhoud >>> Content

1. NWGA leadership unchanged!
2. Oudste Merinodag in Mosselbaai gehou
3. Awards at the National Congress
4. Wool Growers' regional flock competition produces quality livestock
5. NWKV-skeeropleidingspan verower vele medaljes by kampioenskappe
6. Wye reeks onderwerpe vind byval by opkomende boere
7. Philipstown maak geskiedenis met eerste interskoukompetiese tussen jongooiklubs
8. Start of communal roadshows draw big crowds
9. Olivia Sigidi sparkles on the third day of communal road shows
10. Goedkoper om rooiluis te behandel as om verliese te lei
11. Take note of these livestock disease trends
12. Hupstoot vir predasieopleiding
13. Unsatisfactory availability of OBP vaccines places national herd health in great danger



## 1 NWGA leadership unchanged!

The wool producers of South Africa expressed faith in the leadership of the NWGA by nominating all three of them in the same positions this year. At the 87th National Congress held in Port Elizabeth last week, Guillau du Toit was re-elected the National Chairman, Casper Labuschagne the Vice-chairman (Commercial) and Sipiwo Makinana the Vice-chairman (Communal).



*Hearty congratulations from everyone in the wool fraternity.*

## 2 Oudste Merinodag in Mosselbaai gehou

Die Mosselbaai kudde-evalueringsdag is vir die 38ste keer deur BKB en die NWKV aangebied en dit kan nou met reg aangewys word as die oudste kompetisie vir Merinokuddes in Suid-Afrika. Voorwaar 'n wonderlike prestasie, wat getuig van die streek se uitmuntende skaapboere wat voortdurend na verbetering streef.

Die doel van die Merinodag was sodat deelnemers hulself teen hul mededeelnemers kon meet en sodoende sien waar hul kuddes verbeter kan word. Die kompetisie is beoordeel deur Gawie van Wyk, NWKV-produksie-adviseur in die Noord-Kaap (Carnarvon-streek), wat vol lof was oor die gehalte en eenvormigheid van ooie van die tien deelnemers. Pierre Vlok, BKB Bestuurder: Vesels (Westelike streek), het die punte verwerk en Werner Olivier van BKB Port Elizabeth het oor interessante wolsake gesels.

Die algehele wenner was André de Jager van Swartklip, Albertinia met die Saag Jonker-familietrust van die plaas Schoonberg in die Herold-distrik as naaswenner. André het ook wentitels verower in die kategorieë Beste Wol en Beste Bouvorm.



**Agter:** Pierre Vlok (BKB Westelike streek); Willem Oosthuizen (Albertinia); Martinus Honiball (Mosselbaai); Flip Fivaz (Mosselbaai); Cornelius Muller (Hartenbos); Francois Malherbe (Riversdal); Pieter Reynolds (Herold); Pieter Aucamp (BKB Riversdal) en Willem Oosthuizen (Albertinia).

**Sittende:** Werner Olivier (BKB Port Elizabeth); Frikkie van der Walt (Herold); André de Jager (Albertinia); Jurie and Louise Muller (Mosselbaai).

**Voor:** Bennie Pienaar, Voorsitter (Mosselbaai).

# 3

## Awards at the National Congress



The NWGA's highest accolade, namely the Golden Ram Award, was presented to Harry Prinsloo at the Wool Growers' Congress early in June. Harry served as the National Chairman for the NWGA from June 2011 to 2015. He has been a livestock farmer (wool and cattle) in the Smithfield district since 1989. Harry served extensively on wool industry structures, organised agriculture and his international experience embraces his chairmanship of the Producer Country Working Group of the International Wool Textile organisation (IWTO). Both Prof. Gareth Bath from the University of Pretoria and Le Roux Fourie, previous chairman of Free State NWGA, received Silver Ram awards. A Long-service Award was handed to Jan Louis Venter, NWGA production adviser, and Mr AJ McKay from Steytlerville was announced the winner of the WTC Award for the highest price paid for wool during the season. Congratulations!



Harry Prinsloo with his wife, Adré, and Guilla du Toit.



Prof. Gareth Bath with his wife, Anne, and Leon de Beer.



Jan Louis Venter received his award from Dr Louis du Pisani.



Le Roux Fourie received his Silver Ram Award from Casper Labuschagne.



## Wool Growers' regional flock competition produces quality livestock



The Mabua shearing shed in Matatiele played host to a regional flock competition organised by the NWGA Region 24 executive and production adviser, the Maluti A executive, farmers associated with the Mabua shearing shed, stakeholders and wool farmers from Region 20. The members of Mabua generously donated six sheep to feed approximately 300 attendees!

Farmers from Ntabankulu, Maclear, Mount Fletcher, Maluti A and B and Mount Ayliff competed against one another and proudly displayed their lambs, ewes and rams. Both NWGA Region 24 and BKB donated monetary prizes, Talitha Pharma donated animal medicine and MSD and Sinethemba Mafama donated promotional items.

Mount Fletcher farmers walked away with the most prizes!

There were four categories, namely Lambs, Two-tooth Ewes, Ewes with four to eight teeth and Rams. The Lambs category produced 61 entries by 28 participants and the winning lamb belonged to Mr Maharika from Mount Fletcher. The Two-tooth Ewes category produced 38 entries from 17 participants, with Mr Letlotlo from Mount Fletcher walking away with the winning prize. The most entries were received in the Ewes with four to eight teeth category, with the winning ewe belonging to Mr Damane Mabua who, in addition, also secured fifth place. The Ram category was very popular, producing 48 participants with 65 entries, and Mr Qhu from Mount Fletcher walked away with the top prize.

NWGA judges Willem Goosen and Abrie Aucamp, as well as the Department of Rural Development and Agrarian Reform (DRDAR) animal technician from Mount Fletcher, Mr Bulelani, was full of praise for the overwhelming number of entries and participation by the farmers. "The quality of the animals has vastly improved and this is largely due to the introduction of quality rams by commercial breeders through the NWGA Genetic Improvement Scheme", remarked the judges.



## 5

## NWKV-skeeropleidingspan verower vele medaljes by kampioenskappe

Die NWKV-skeeropleidingspan het besonder goed presteer by die jaarlikse kampioenskappe van die Suid-Afrikaanse Skaap-skeervereniging (SASSF) wat aan die einde van April 2016 in Bloemfontein plaasgevind het.

Sameul Nkomoyi (agterste ry regs) het derde gekom in die Suid-Afrikaanse Handskeerafdeling en is gekies as die reserwehandskeerder vir die Suid-Afrikaanse span wat Februarie 2017 in Nieu-Seeland gaan deelneem. Themba Khoza (links voor) het in beide die SA en SA Ope Masjienafdeling die silwer medaljes gewen, en is ook in die Suid-Afrikaanse span ingesluit. Andries Nkahlle (regs voor) het vir die semifinaal van die Suid-Afrikaanse Ope Masjienafdeling gekwalifiseer (m.a.w. die onder top 12 in Suid-Afrika). Verder het die NWKV-masjienskeerspan, wat bestaan uit Themba Khoza, Andries Nkahlle en Izak Klopper (agterste ry middel), die silwer medalje in die spankompetisie verower.



## 6

## Wye reeks onderwerpe vind byval by opkomende boere

Opkomende boere het gebaat by 'n inligtingsdag wat vroeër die maand op Murraysburg plaasgevind het. Jannie Fourie, NWKV-produksie-adviseur vir Caledon, het die ongeveer 45 boere ingelig oor aangeleenthede soos voeding, verpakking, dieregesondheid en besoedeling, dit wil sê al die prosesse wat wol deurloop tot by die plaashek. Plaaslike boere van die Murraysburg-distrik en ook die voorsitter van die Woltrust, Peter Kingwill, het die verskille tussen kommersiële en kommunale boere uitgelig en ook die werking van die wolketting verduidelik, van waar die wolbaal by die plaashek opgetel word tot en met die verkoop van kledingstukke in kettingwinkels. Dr. Willem Olivier van Grootfontein Landbouontwikkelingsinstituut (LOI) het onderwerpe soos die ekonomie en teling bespreek.



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust. Deur van hierdie diens gebruik te maak, baat boere by 'n verskeidenheid aksies in die kommersiële en kommunale sektore.

## 7

## Philipstown maak geskiedenis met eerste interskoukompetiesie tussen jongooiklubs

Philipstown, geleë in die hartjie van Merinowêreld in die Noord-Kaap, gaan gasheer speel tot die eerste interskoukompetiesie tussen jongooiklubs. Groot kompetisie is te wagte wanneer die deelnemende klubs, te wete Modern Merino (Hanover, Colesberg en Philipstown), Middelburg Merino, Noupoot Merino, Britstown Merino jongooiklub, Kraankuil- en Philipstown jongooiklubs op 20 Julie 2016 gaan meeding en hul beste diere ten toon gaan stel.

Die reëlingskomitee, bestaande uit Diederik Vermeulen, NWKV-bestuurslid en ook lid van beide Hanover-en Philipstown-jongooiklubs, en Gawie van Wyk, gaan die dag optower met *Kokkedoor* se

Leroux van Vuuren, wat 'n kosdemonstrasie met seekos gaan aanbied, 'n skeerdemonstrasie deur die Suid-Afrikaanse skeerkampioen Guillaume Strydom en 'n demonstrasie deur dr. Frans Jooste, 'n veearts. Terwyl die diere beoordeel sal word deur Gawie van Wyk, sal besoekers kan gaan inloer by 'n skuur waar 'n Springbokkopkursus aan die gang sal wees en hulle sal hulle ook kan verlustig aan die wol-, dekor- en voertuigstalletjies.



• Dit beloop 'n geskiedkundige dag te wees wat nie gemis moet word nie. Vir verdere navrae skakel met Diederik by 053 665 7006/082 481 6985.


## 8

## Start of communal roadshows draw big crowds

During the week of 20 June 2016 the Mbekweni Township in the Whittlesea district of the Eastern Cape saw the first of five planned roadshows. Stakeholders Sawamba, the Wool Testing Bureau, Cape Wools SA, the Wool Trust, BKB, CMW and the Eastern Cape NWGA had been invited to inform communal farmers of the various role players in the wool industry and to discuss their functions and responsibilities.

According to Casper Labuschagne, National Vice-chairman of the NWGA, about 450 farmers gathered to gain knowledge of the industry and the messages and presentations by representatives were well received.

The farmers raised many questions on some of the following topics: livestock auctions to get rid of surplus animals; the possibility of conducting piece picker courses; farming with angora goats; and infrastructure. They were also curious about the funds of the Wool Trust.



## 9

## Olivia Sigidi sparkles on the third day of communal roadshows



It was good to see Owen Ntshakaza at the regional show of Region 20, which took place at Viedgesville, Mthatha, home town to Andile Ndzendze, Vice-chairman of Eastern Cape Wool Growers. Owen had served as the chairman of Region 20 for 11 years and his loyalty towards his fellow farmers and his passion for wool farming was evident. Some 250 people filled the hall to capacity to learn more about the various role players in the wool industry.

The week-long roadshows to Whittlesea, Tsomo, Mthatha, Mount Ayliff and Sterkspruit have been described as groundbreaking, as farmers and stakeholders including buyers, brokers, Cape Wools SA and the Wool Trust are building relationships and a better understanding of the conditions of rural farming. Ms Olivia Sigidi, a very active NWGA executive member and farmer in the Mthatha area, used the opportunity to describe the responsibilities of the Wool Trust, of which she is a trustee, to the farmers.

Questions relating to predation, late payments on wool, requirements for more genetic material, information on where their children can obtain bursaries from Cape Wools SA and how to go about bringing the wool market (selling, trade etc.) closer to them, were raised in the session provided.

## 10

## Goedkoper om rooiluis te behandel as om verliese te lei

Volgens 'n artikel deur Jannie Fourie, NWKV-produksie-adviseur vir die Wes-Kaap, veroorsaak luisbesmetting 'n 3%-verlaging in wolproduksie, 'n 1%-verlaging in skoon opbrengs en 'n 2%-verlaging in wolprys. Die totale verlies per skaap met ligte besmetting is ongeveer R26. So min as 5 000 luisse per skaap kan 'n 5%-verlaging in wol se waarde tot gevolg hê en 25 000 luisse tot soveel as 'n 20%-prysverlaging. Met die skeerproses word tot 70% van luisse verwyder en nog meer vrek aan blootstelling. Aangesien die luis op die veloppervlakte voed, is dit van uiterste belang dat opgiel- en dipmiddels op die vel gebruik word.

Redes vir die ondoeltreffende behandeling van rooiluisse:

- Verkeerde dosisse.
- Toediening was te lank ná skeertyd – die ideaal is ses weke nadat die skaap geskeer is.
- Nie alle diere is behandel nie – veral pasgebore lammers word vergeet.
- Luise se weerstand teen die middels wat gebruik word.
- Skape is nie lank genoeg aan aktiewe middels blootgestel nie.

Lees die volledige artikel op die NWKV se webtuiste:

[http://www.nwga.co.za/images/downloads/JFourie\\_Rooiluis.pdf](http://www.nwga.co.za/images/downloads/JFourie_Rooiluis.pdf)



The following advice has been extracted from the report by Ruvasa (Ruminant Veterinary Association of SA) of May 2016:



- The months ahead are going to be a big challenge for farmers due to a lack of roughage for animals. It is hoped the rains will come early in spring.
- Antibiotics kill bacteria but, because of misuse and the excessive use of antibiotics, many E. coli strains are now resistant to most antibiotics. In circumstances like these a vaccine is appropriate because vaccines prevent disease and the antibiotics will not be needed.
- Be alert for signs indicating internal parasitism: anaemia, bottle jaw, weight loss and diarrhoea. Animals under stress that do not receive enough protein in their diets and who lack energy are more susceptible to parasites.
- An increase in lice infestation has been reported. Animals in a poor condition due to lack of protein and energy should be treated to prevent further weight loss.

#### A few comments on bacterial diseases

- Small stock are given additional concentrates and feed during the drought. Ensure that animals are vaccinated against pulpy kidney as many deaths were reported.
- Controlling and eradicating brucellosis is a top priority!
- Toxic plants are usually greener than non-toxic plants. As grazing conditions become poorer farmers should be aware of these plants and which clinical signs become evident when they are eaten.
- With the drought and lack of proper grazing, mineral deficiencies will increase. Supplement animals with vitamin A.
- There is an increase in the reporting of acidosis. Many farmers are feeding their animals due to the drought. Make sure that animals adapt to feed containing concentrates.

WOLBOER  
WOOL FARMER



**MAXIMISE**  
return on your  
investment.



**100% targeted communication to  
ALL wool producers and stakeholders.**

To advertise your  
products, services and  
auctions contact Ilse  
Liveris and her team.



012 843 5717 / 072 708 4401  
• [ilsel@agriconnect.co.za](mailto:ilsel@agriconnect.co.za)





## 12

## Hupstoot vir predasieopleiding

Die Koöperasie, met hul hoofkantoor op Humansdorp, het die afgelope week 'n tjek vir R45 000 aan die Predasiebestuursforum (PMF) oorhandig as hul bydrae tot die stryd om predasie hok te slaan. Die Koöperasie het 1% van die waarde van bestellings wat ontvang is vir jakkalswerende sifdraad (wat gedurende April teen drasties verlaagde pryse by Die Koöperasie landswyd bestel kon word) ten bate van predasiebestuursopleiding geskenk.

Volgens Johan du Plessis, handelsbestuurder van Die Koöperasie, word die draad wat deur die projek aan produsente beskikbaar gestel is, deur Barnes Fencing in Johannesburg vervaardig wat aan hoogstaande gehaltstandaarde voldoen. Die draad word beslis nie uit China ingevoer nie. Barnes Fencing se produkte word deur die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde (SABS) geregistreer om die SANS 675- en SANS 10244-merke te dra. Die fisiese en meganiese eienskappe van die draadprodukte word sorgvuldig gemeet om te verseker dat dit wel aan hierdie standaarde voldoen. Die SABS inspekteer ook gereeld die draad as kwaliteitskontrolle tydens vervaardiging.

Guillau du Toit, voorsitter van die PMF, het sy dank uitgespreek teenoor Die Koöperasie vir die inisiatief om predasiebestuursopleiding te ondersteun. Die span van jakkalswerende draad is tans een van die mees effektiewe nie-dodelike beheermetodes om skade as gevolg van jakkalse te verminder. Du Toit het ook sy dank uitgespreek teenoor BKB en OVK, wat draad teen verlaagde pryse aan produsente beskikbaar stel en sy hoop uitgespreek dat ander insetverskaffers ook hierdie voorbeeld sal volg.



Johan du Plessis (links) en Henk Agenbach (heel regs) van Die Koöperasie, oorhandig die tjek aan Leon de Beer van die NWKV.

## 13

## Unsatisfactory availability of OBP vaccines places national herd health in great danger



The National Animal Health Forum (NAHF), on behalf of several industries in the agricultural, animal health and private sectors, has requested the Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, Senzeni Zokwana, to urgently investigate the manufacture, supply and distribution of vaccines by Onderstepoort Biological Products (OBP).

Zokwana was sent an urgent letter by the NAHF, liaising directly with the Department of Animal Health under DAFF, about the present situation regarding the availability of vaccines at OBP. The unavailability of vaccines is preventing DAFF from effectively implementing control of controlled animal diseases in the country. It has been suggested that if OBP is unable to deliver vaccines to the broader livestock industry, the sourcing of vaccines from outside the borders of the Republic of South Africa should be investigated. A request for a meeting with the Ministers' office, the NAHF and OBP with a simultaneous site inspection at OBP has been directed to the Minister for his consideration.


www.simonsays.co.za | 5586

rethink. revivo

www.bkb.co.za

BKB Limited - Registered Credit Provider - NCRCP2545

Tel. 041 503 3111



BKB, the market leader, continuously strive to leave the widest and the deepest small stock footprint in the country. The welfare of fibre growers is our prime objective, and therefore, we aim to provide an effective service through highly skilled and knowledgeable technical and shearing advisors. Our focus is on sustainable small stock farming. It is no secret that BKB put a great deal of effort into strengthening a mutually beneficial alliance with you on a daily basis.

Receive unlimited benefit through this and BKB's full range of agri-products and services.  
Contact BKB AgriFin for your tailor made financing solutions.  
Speak to us today.



## Home of Agriculture

wool & mohair | grain | livestock | properties | trading | financial services

